

Groiegroepe – Riglyne: Week van Sondag 26 Januarie 2020

"#nuweasem!"



Ons fokus nog op die tema van **#nuweasem** en die **nuwe werk** wat God in ons lewens wil doen. Hierdie nuwe werk is die transformerende **nuwe werk van die Heilige Gees** in ons lewens, gemeente, gemeenskap en ons land. Ons wil die **gasvryheidskultuur** in die gemeente opvolg met 'n **uitnooti-kultuur!** Ons wil **mekaar inspireer** om mense wat nie kerklik betrokke is nie, te nooi om saam met ons te groei en 'n verskil te maak **deur diensbaar te wees** met ons gawes!

1. WELKOM / (GASVRYHEID) _____ 25 min

YSBREKER (10 min se kuier ingesluit)

1. Deel met mekaar hoe dit gaan en hoe julle sover die nuwe jaar ervaar.
2. Deel 'n ervaring hoe julle die Here se teenwoordigheid of betrokkenheid die afgelope week of tyd beleef het

2. LOF / DANKSEGGING _____ 10 min

1. Waarvoor wil jy vir die Here loof en/of dankie sê? Deel met mekaar.
2. Loof en dank Here in kort gebede (Laat soveel moontlik deelneem aan die gebed)

3. WOORD / WORD _____ 35min

1. Hoe het julle die temas wat in die gemeente/eredienste die afgelope 2 weke behandel is, beleef en wat het dit vir julle beteken?
2. Luister na die Woord:

Romeinse 12:1-2 - Die nuwe lewe in Christus:

1En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdienst wat julle moet beoefen. 2Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

3. Hoe beleef jy God se groot ontferming in jou lewe? V1 (Romeine 1-11)
(Vertel mekaar hoe dit in jou lewe 'n werklikheid geword het)
4. Wat is die wesenlike van die godsdienst wat ons moet beoefen? V1
5. Hoe beoefen ons hierdie wesenlike van die godsdienst op die volgende terreine?

Persoonlike lewe

Eredienste + gemeente

Gesin + familie

Gemeenskap + werksituasie

6. Hoe wil God ons lewens vernuwe? V2

Wat hoor julle oor die nuwe werk wat God hierdie jaar wil doen?

Watter rol speel ons denke in God se transformasie van ons hele lewe?

Hoe kan ons nuut bly dink midde van al die negatiewe dinge wat ons denke en lewe bombardeer?

7. Wat kan julle verhinder om dit te beleef? V2

8. Hoe kan die volgende ons daarin help?

Heilige Gees

Woord

Gemeente

Medegelowiges

9. Hierdie nuwe lewe vloei oor in 'n lewe van diens in die gemeente en gemeenskap. V4-8

Gesels met mekaar aan die hand van die "Kry jou plek"-blaadjies wat Sondag uitgedeel is, hoe en waar gaan jy diensbaar wees in die gemeente en gemeenskap?

10. Tans word die kerngroep wat diens lewer in die gemeente minder. Hoe kan ons vars en nuwe mense inkry om te help met dienslewering?

Deel ook hoe julle persoonlik en as groeigroep mense kan nooi na die gemeente

Deel met mekaar en gee dit sommer deur aan die koördineerders of predikante

11. Met watter gesindheid en lewenshouding leef nuwe mense wat die Gees se nuwe asem en werk beleef? V3

4. WERKE / WORKS _____ **15 min**

1. Help mekaar hoe om bogenoemde boodskap baie prakties en konkreet te maak in ons lewe?

2. Gesels hoe julle gaan inskakel by die nuwe reeks **#nuutdink** wat Februarie en Maart in die eredienste gedoen word. Daar is goeie werksboekies vir persoonlike en groepe beskikbaar teen R20 elk.

3. Dank die Here vir:

- Goeie afskop in die gemeente
- Nuwe mense wat by ons ingeskakel het
- God se Gees en Woord wat in ons lewens werk

4. Bid vir die volgende...

- Nuwe preeksreeks **#nuutdink** wat Februarie en Maart in die eredienste gedoen word

- Gebruik nog steeds die gebedsriglyne vir die gebedstyd in Januarie wat hier bygevoeg is en bid saam vir die werksaamhede van die gemeente en vir die vernuwende werk van die Gees in ons lewens.

Gebedstyd in Januarie 2019 – Lux Mundi:

#NUWEASEM: #NUUTDINK - #NUUTLEEF - #NUUTKYK - #NUUTEINDIG!

*“¹⁸Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie.
¹⁹Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom;
Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.”*
(Jesaja 43:18-19 AFR83)

God wil in 2020 'n nuwe werk doen in Lux Mundi en in ons lewens. **Om dit te beleef**, moet ons nie vasval in die verlede nie, maar **oop en ontvanklik wees vir die Gees** se werk en met geloofsoë kyk om dit raak te sien! God is by ons betrokke en wil nuwe deurbrake en veranderinge gee. Dit vra 'n diepe afhanklikheid van God, om oop te wees vir God se werk, om met verwagting te bid, en om beskikbaarheid te wees om deur die Gees gebruik te word in die avontuur saam met die Here en die pad saam met medegelowiges...

Ons het 'n **opwindende tema** hierdie jaar: **#nuweasem!** Ons vertrou die Here vir 'n **nuwe blaas van die Gees (nuwe werk van Gees)** in die gemeente, ons gemeenskap en die land. Ons verwagting van die Here is dat ons gedagtes, ons lewens, die manier waarop ons kyk en hoe ons die jaar gaan eindig, nuutgemaak gaan word. Daarom die kwartaaltemas: **#nuutdink - #nuutleef - #nuutkyk - #nuuteindig.**

Ons wil dit graag prakties soos volg doen:

1. Ons vra dat julle by alle byeenkomste aan die begin 'n **gebedsmoment** inruim en tyd afstaan om met God te praat oor die jaar en in gebed in te tree vir die ondergenoemde sake.
2. Ons kan die gebedsmoment **soos volg inrig**: (mense kan ook in groepies van 2-3 bid)

- a. **Loof en dank** die Here omdat Lux Mundi aan Hom behoort en dat Hy vir ons sorg.
- b. **Wy onself** in afhanklikheid aan die Here en gee onself en die gemeente totaal aan die Here oor.

3. Ons kan vir die **volgende spesifieke sake bid**: (Deel die versoeke onder mekaar uit soos dit julle pas)

- a) **Bid** vir die kwartaal en die jaar dat ons **naby aan die Here sal leef** en **oop** sal wees vir die **Heilige Gees se nuwe werk** in die gemeente en in ons lewens.
- b) Bid dat ons **jaartema** (#nuweasem) en die **maandtemas** (#nuutdink, #nuutleef, #nuutkyk, #nuuteindig) helder gekommunikeer sal word en dat dit prakties 'n werklikheid sal wees.
- c) Bid dat ons **gasvry** sal wees en meer mense sal **uitnooi** om saam vir Jesus te volg.
- d) Bid dat die **Gees ons inspireer** om daaglik 'n **verskil te maak** waar ons leef.
- e) Bid vir passievolle en energieke **eredienste** waar God geloof en aanbid word, vir Geesvervulde en praktiese boodskappe, en dat ons God se nuwe werk sal beleef.
- f) Bid vir die **bediening** waarby jy betrokke is, vir 'n nuwe werk van God en vir genoeg mense.
- g) Bid vir die gemeente se **finansies** hierdie jaar, die nuwe **begrotingsproses** wat voorlê, en dat ons getrou sal wees in die gee van ons **dankoffers**.
- h) Bid vir die **kinder- en tienerbediening** vir die effektiewe inskakeling van al die kinders (veral nuwe kinders) en vir genoeg volwassenes wat kan help.
- i) Bid vir die **leierskap** (predikante, gemeenteraad en bedieningsleiers) en al ons **personeel**.
- j) Bid vir **Pharos** en die groot werk wat gedoen word om mense in nood by te staan
- k) Bid vir **God se nuwe werk** in ons **gesinne** en **families** en vir **genesing** waar daar seer is.
- l) Bid dat nog mense sal inskakel by **groeigroepe** en mekaar sal help om saam vir Jesus te volg.

m) Bid dat ons gedring deur God se liefde, **sal uitreik na mense in nood** soos die Gees ons lei.

"Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking." Jak 5:16